Les 4

** 17–23 April*

‘n Ewige verbond

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Exodus 3:14; Génesis 17:1–6; Génesis 41:45; Daniël 1:7; Génesis 15:7–18; Génesis 17:1–14; Openbaring 14:6, 7.

Geheueteks:
“ ‘En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou.” *(Génesis 17:7).*

Hoe baie van ons onthou nog hoe ons as kinders baie siek was as gevolg van een of ander siektetoestand, of van ligte longontsteking, wat tot iets ergers kon lei? Gedurende die lang nag se gespook met koors onthou ons nog hoe ons half wakker geword het en gesien het hoe ons ma en pa langs ons bed gesit het in die sagte gloed van ‘n bedlampie. Net so, in ‘n figuurlike menslike sin, het God langs die bed van ‘n sondebelaaide siek wêreld gesit terwyl die morele donkerheid in die eeue na die Vloed om hulle al donkerder geword het. Dit was die rede hoekom Hy Abram geroep het en beplan het om deur hierdie getroue dienskneg ‘n volk tot stand te bring om aan hulle ‘n kennis van Homself toe te vertrou, en aan hulle verlossing te skenk. Daarom het God met Abram en sy nageslag ‘n verbond gesluit wat die goddelike plan duidelik gemaak het om die mensdom van die gevolge van sonde te red. Die Here wou nie sy wêreld alleen los nie, nie in so ‘n aaklige toestand nie. Hierdie week gaan ons na die onthulling van nog meer verbondsbeloftes kyk.

Hierdie week met die eerste oogopslag: Wat is die naam van God? Wat beteken dit? Wat was die betekenis van die name wat God gebruik het om Homself aan Abram te openbaar? Watter name het Hy gebruik om Homself te identifiseer? Hoekom het God Abram se naam na Abraham verander? Hoekom is name belangrik? Watter voorwaardes en verpligtinge was met die verbond verbind?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 April.*

Sondag

18 April

Yahweh en die verbond met Abraham

"Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee." *(Génesis 15:7)*.

Name kan soms net soos handelsmerke wees. Ons word so gewoond daaraan om dit met sekere karaktereienskappe te assosieer, dat wanneer ons die naam hoor, ons gedagtes onmiddellik daardie eienskappe oproep. Byvoorbeeld, watter karaktereienskappe kom in jou gedagtes op wanneer jy aan die volgende name dink: Albert Einstein, Martin Luther King Jr., Gandhi, of Dorkas? Elkeen word met sekere karaktereienskappe en ideale geassosieer. Gedurende die Bybel se tye het die mense van die Nabye Ooste baie waarde aan die betekenis van name geheg. "Die Hebreërs het altyd gedink dat 'n naam òf die persoon se karaktereienskappe, òf die gedagtes en emosies van die een wat die naam gegee het, òf die bywoningsomstandighede toe die naam gegee was, aangedui het." – *The SDA Bible Commentary,* vol. 1, bl. 523, *(vry vertaal)*.

Toe God met Abram 'n verbondsverhouding begin het, het Hy Homself aan die patriarg as "YHWH" voorgestel (in hoofletters as "HERE" in die AOV gedruk [Génesis 15:7] en as "Yahweh" uitgespreek). Dus word Génesis 15:7 letterlik as "Ek is YHWH wat jou uitgelei het . . . .", gelees. Alhoewel die naam "YHWH" 6,828 keer in die Ou Testament verskyn, is dit ietwat in geheimenis gehuldig. Dit lyk asof dit ooreenkom met 'n vorm van die werkwoord "hayah", "om te wees", in welke geval dit "die Ewige Een", "die Aanwesige Een", "die Self-Bestaande Een," "die Self-Toereikende Een", of "die Een wat vir ewig leef", is. Dit lyk asof die goddelike hoedanighede wat deur hierdie titel beklemtoon word, "selfbestaan" en "getrouheid" is. Dit dui daarop dat die Here die lewende God is, die Bron van lewe, in teenstelling met die gode van die heidene wat glad nie kon bestaan het sonder die verbeelding van hulle aanbidders nie. God verduidelik self die betekenis van "Yahweh" in Exodus 3:14 – " 'EK IS WAT EK IS' " *(AOV)*. Hierdie betekenis dui op die werklikheid van God se onvoorwaardelike bestaan, terwyl dit ook sy heerskappy oor die verlede, die teenswoordige en die toekoms suggereer. Yahweh is ook God se persoonsnaam. Die identifisering van Yahweh as die Een wat Abram uit Ur gebring het, verwys na die aankondiging van God se verbond in Génesis 12:1–3 met hom. God wil hê dat Abram sy naam moet ken, want daardie naam openbaar aspekte van sy identiteit, sy natuur, en sy karakter — deur hierdie kennis kan ons leer om op sy beloftes te vertrou *(Psalm 9:10, Psalm 91:14)*.

Wanneer jy aan die naam Yahweh dink of dit hoor, watter karaktertrekke of eienskappe dink jy outomaties aan? Aan liefde, vriendelikheid en omgee, of aan vrees, strengheid en dissipline? Watter gedagtes dink jy outomaties aan wanneer jy aan die naam "Jesus" dink?

Maandag

19 April

‘El Shaddai

“Toe Abram negen-en-negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.” *(Génesis 17:1)*. Yahweh het verskeie kere tevore aan Abraham verskyn *(Génesis 12:1, 7; Génesis 13:14; Génesis 15:1, 7, 18)*. In die vers hierbo, verskyn Yahweh weer aan Abram (“het die HERE aan Abram verskyn”), en stel Homself voor as die “Almagtige God” — ‘n naam wat net in die boeke van Génesis en Job gebruik word. Die naam “Almagtige God” bestaan eerstens uit “‘El”, die grondliggende naam vir God wat deur die Semiete gebruik was. Hoewel die presiese betekenis van Shaddai nie heeltemal seker is nie, skyn dit asof die vertaling “Almagtige” die akkuraatste een is. *(Vergelyk Jesaja 13:6 en Joël 1:15.)* Die belangrikste gedagte by die gebruik van hierdie naam, lyk asof die mag en krag van God met die swakheid en broosheid van die mens gekontrastreer word.

Lees Génesis 17:1–6 wat help om alles in ‘n groter konteks te plaas. Hoekom sou die Here op hierdie tydstip Sy mag en krag aan Abram wou beklemtoon? Wat het God gesê wat sou vereis dat Abram op daardie mag en krag vertrou? Kyk spesifiek na vers ses.

‘n Letterlike vertaling van Génesis 17:1–6 sou wees, “Jehovah het aan Abram verskyn en gesê, ‘Ek is ‘El-Shaddai; wandel voor My, en wees volmaak; en Ek sal my verbond tussen My en jou sluit, en jy sal buitengewoon vermenigvuldig . . . . En jy sal vader van ‘n menigte nasies wees, . . . en Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak.’” Hierdie selfde naam verskyn ook in Génesis 28:3, waar Isak sê dat ‘El-Shaddai Jakob sal seën, hom vrugbaar sal maak, en hom sal laat vermenigvuldig. ‘n Soortgelyke belofte van ‘El-Shaddai word in Génesis 35:11, Génesis 43:14, en Génesis 49:25 gevind wat na die mildadigheid wat deur God beoefen word, verwys: ’El, die God van mag en outoriteit, en Shaddai, die God van onuitputlike rykdom, rykdom wat Hy graag op hulle wat in geloof en gehoorsaamheid daarna streef, wil bestee.

Dit was al gesê dat enige roos net so soet soos die ander rose ruik, met die bedoeling dat die naam van die roos nie saak maak nie. En tog, hoeveel aanmoediging en hoop sou jy ontvang het indien die Here se naam “Die Brose God” of “Die Swakke God” was? Kyk na vandag se teksvers. Vervang “Almagtige God” met hierdie ander twee name. Wat sou dit aan jou geloof en vertroue in Hom gedoen het indien die Here Homself op hierdie manier sou voorgestel het? Terselfdertyd, hoe vertroos die naam ‘El-Shaddai’ ons?

Dinsdag

20 April

Abram word Abraham *(Génesis 17:4, 5)*

Alhoewel die name van God geestelik en teologies belangrik is, eindig dit nie by God nie. Name van mense in die Nabye Ooste was nie net betekenislose maniere om mense te identifiseer soos wat dit baie keer vir ons is nie. Om 'n meisie "Maria" of "Susan" te noem, maak eintlik deesdae nie 'n verskil nie. Vir die antieke Semiete was mense se name egter met geestelike betekenisse gelaai. Alle name is vir Semitiese mense betekenisvol, en bestaan gewoonlik uit 'n frase of 'n kort sin wat 'n wens van die ouers of dankbaarheidsgedagte weergee. Byvoorbeeld, "Daniël" beteken "God is die Regter"; "Joël" beteken "Yahweh is God"; of "Natan" beteken "Gawe van God". Omdat name so betekenisvol was, was dit dikwels verander om 'n drastiese verandering in iemand se lewe en omstandighede te weerspieël.

Lees die volgende teksverse. Watter situasies word hier aangespreek en hoekom moes die name wat hier genoem word, verander?

1. Gen. 32:28

---

2. Gen. 41:45

---

3. Dan. 1:7

In 'n sekere sin is dit nie so moeilik vir selfs die moderne mens om die belangrikheid van 'n persoon se naam te verstaan nie. Daar is ook subtiele gevolge en soms nie so subtiel nie. As iemand gereeld "dom" of "lelik" genoem word, en indien hulle hierdie benaminge gedurig en deur baie mense hoor, sal dit kort voor lank 'n uitwerking op die persoon se selfbeeld hê. En ook, deur mense sekere name te gee, of deur hulle name te verander, is dit moontlik om hulle selfbeeld te beïnvloed, en dus hoe hulle optree.

Met dit in gedagte is dit nie moeilik om te verstaan hoekom God Abram se naam na Abraham toe wou verander nie. Abram beteken "Vader word verhoog"; God het dit na Abraham verander, wat "Vader van 'n menigte" beteken. Wanneer ons na die verbondsbelofte kyk waar God sê, " 'Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak. Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom' " *(Génesis 17:6, AOV)*, maak die naamsverandering meer sin. Miskien was dit God se manier om Abraham te help om in die verbondsbelofte te glo (wat aan 'n 99-jarige ou man wat met 'n ou vrou getroud was wat tot op daardie stadium onvrugbaar was, gemaak was). Kortom, God het dit gedoen om Abraham se geloof in God se beloftes te anker.

Woensdag *21 April*

Stadiums van die verbond *(Génesis 12:1, 2)*

In hierdie twee verse word die eerste stadium van God se verbondsbelofte aan Abram (daar is drie), onthul. God het Abram genader, hom ‘n bevel gegee, en toe die belofte gemaak. Die “genader” dui God se genadige verkiesing van Abram aan om die eerste hooffiguur van sy spesiale verbond van goedertierenheid te wees. Die “bevel” sluit die toets van totale vertroue op God in (Hebreërs 11:8). Alhoewel die “belofte” *(Génesis 12:1–3, 7)* spesifiek aan Abram se afstammelinge gemaak was, sluit dit uiteindelik ‘n belofte aan die hele mensdom in *(Génesis 12:3, Galásiërs 3:6–9)*.

Die tweede stadium van God se verbond met Abram kom in Génesis 15:7–18 voor. In watter verse vind ons sommige van dieselfde stappe wat in die eerste stadium voorkom?

God se nadering tot die mens? Verse?_____

Die mens se roeping om gehoorsaam te wees? Verse? _____

Die goddelike belofte? Verse?_____

In die plegtige ritueel van stadium twee, het die HERE aan Abram verskyn en tussen die stukke vleis deur beweeg. Elkeen van die drie diere was geslag en middeldeur verdeel in twee helftes, en teenoor mekaar met spasies tussenin geplaas. Die voëls het hy nie verdeel nie. Hulle wat die verbond sou sluit, moes tussendeur die verdeelde stukke deurloop en simbolies ewigdurende gehoorsaamheid belowe aan dit waaroor daar plegtig ooreengekom was.

Beskryf wat gedurende die derde en finale stadium van die goddelike verbondsluiting met Abraham plaasgevind het. ***(Lees Génesis 17:1–14.)***

The meaning of the name Abraham underscores God’s desire and design to save all peoples. The “many nations” would include both Jews and Gentiles. The New Testament makes it abundantly clear that the true descendwhatever nations they lived in. No doubt, it’s no different today.

Die betekenis van die naam “Abraham” bevestig God se begeerte en plan om alle mense te wil red. Die “menigte nasies” sou beide Jode en heidene insluit. Die Nuwe Testament maak dit baie duidelik dat die ware afstammelinge van Abraham hulle is wat Abraham se geloof sal beoefen, en wat op die beloofde Messias se verdienstelikheid sal vertrou. (Lees Galásiërs 3:7, 29.)

Donderdag *22 April*

Verbondsverpligtinge

" 'Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.' " *(Génesis 18:19)*. Tot dusver het ons gesien dat die verbond altyd 'n verbond van genade is, deurdat God vir ons doen wat ons nooit vir onsself kan doen nie. Die verbond met Abraham is ook geen uitsondering nie. Deur Sy genade, het God Abraham as sy instrument gekies om te help om die plan van verlossing aan die wêreld bekend te stel. God se vervulling van sy verbondsbeloftes was egter van Abraham se gewilligheid om reg te doen, afhanklik, om Hom te gehoorsaam deur te glo. Sonder daardie gehoorsaamheid van Abraham se kant af, kon God hom nie gebruik het nie. Génesis 18:19 demonstreer wat die verwantskap tussen genade en wet is. Dit begin met "genade" *("Ek het hom verkies")* en volg dan met die feit dat Abraham iemand is wat die Here sal gehoorsaam en sy gesin ook sal laat gehoorsaam. Geloof en werke werk nou saam hier, soos dit moet wees. *(Lees Jakobus 2:17.)*

Let egter op na die frasering van Génesis 18:19 en veral na die laaste sinsdeel. Wat sê dit hier oor Abraham se gehoorsaamheid? Alhoewel gehoorsaamheid nie die middel tot redding is nie, hoe belangrik is dit hier? Volgens hierdie vers, kan die verbond daarsonder vervul word? Verduidelik jou antwoord.

Die seëninge van die verbond kan nie geniet of gehandhaaf word as sekere voorwaardes deur die begunstigdes nie nagekom word nie. Hoewel die voorwaardes nie nodig is om die verbond tot stand te bring nie, moet hulle as gevolg van liefde, geloof en gehoorsaamheid nagekom word. Hulle moet die openbaarmaking van 'n verhouding tussen die mens en God wees. Gehoorsaamheid is die middel waardeur God sy verbondsbeloftes aan die mense kan nakom. Wanneer 'n verbond verbreek word as gevolg van ongehoorsaamheid, is dit as gevolg van ontrouheid aan 'n bestaande verhouding. Wanneer die verbond verbreek word, is dit nie die voorwaarde van genade wat verbreek word nie, maar die voorwaarde van nakoming van die belofte.

Kan jy in jou eie ondervinding met die Here sien hoekom gehoorsaamheid so belangrik is? Kan jy aan enige voorbeelde òf uit die Bybel, òf uit jou eie ondervinding, dink waar ongehoorsaamheid die nakoming van die verbondsbeloftes onmoontlik maak? Indien so, wat is hulle, en wat nog meer belangrik is, wat is die geneesmiddel?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, "Abraham word geroep," bl. 125–131, in *Patriarge en Profete*; "Jood en Heiden," bl. 188–200, in *Handelinge van die Apostels*. Die reënboog is 'n teken van God se verbond met Noag. Lees Génesis 17:10 om te ontdek wat die teken van God se verbond met Abraham was. Die besnydenis was "bestem: (1) om die saad van Abraham van die Heidene te onderskei *(Efésiërs 2:11),* (2) om Jehovah se verbond te verewig *(Génesis 17:11)*, (3) om die beoefening van morele reinheid te bevorder *(Deuteronómium 10:16),* (4) om regverdiging deur geloof te verteenwoordig *(Romeine 4:11)*, (5) om die besnydenis van die hart te simboliseer *(Romeine 2:29)*, en (6) om vooruit te wys na die Christelike doopplegtigheid (Kolossense 2:11, 12)." — *The SDA Bible Commentary*, vol. 1, bl. 322, 323, (vry vertaal). Die reënboog sal 'n teken van God se belofte bly tot aan die einde van die wêreld, maar nie die besnydenisteken nie. Volgens die apostel Paulus, is die besnydenis 'n bewys aan Abraham van die regverdiging wat hy deur geloof in God ontvang het *(Romeine 4:11)*. Maar, deur die eeue heen het die besnydenis verlossing deur gehoorsaamheid aan die wet aangedui. Gedurende die Nuwe Testamentiese tye het die besnydenis minder belangrik geword. In plaas daarvan het geloof in Jesus Christus die belangrike grondbeginsel geword wat lei tot 'n gehoorsame, veranderde lewe. Lees Galásiërs 5:6; Galásiërs 6:15; en I Korinthiërs 7:18, 19.

Vrae vir bespreking:

1. Bespreek die verwantskap tussen geloof en werke. Kan die een sonder die ander een bestaan? Indien nie, hoekom nie?

2. "Vele word nog soos Abraham beproef. Hulle hoor sy stem nie uit die hemele tot hulle spreek nie, maar Hy roep hulle deur die leer van Sy Woord en die gebeurtenisse van Sy voorsienigheid. Daar word miskien van hulle verlang dat hulle 'n loopbaan moet laat vaar wat rykdom en aansien beloof, dat hulle aangename en voortreflike vriende moet verlaat, en van hulle familie moet skei om 'n weg te bewandel wat op die oog af net selfverloëning, lyding en opoffering is. God het 'n taak wat hulle moet verrig, maar 'n gemaklike lewe en die invloed van vriende en familie sou die ontwikkeling van juis daardie hoedanighede wat noodsaaklik is vir die welslae van die taak, verhinder het. Hy roep hulle weg van menslike invloede en hulp en laat hulle voel dat hulle Sy hulp nodig het, en net van Hom afhanklik is, sodat Hy Hom aan hulle kan openbaar. Wie is gereed om van gekoesterde planne en beminde vriende af te sien sodra die stem van die Voorsienigheid roep?" — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 126, 127. Bespreek enige hedendaagse voorbeelde van diegene wat jy ken wat op hierdie selfde oproep ag geslaan het.

Opsomming: God het Abraham geroep om 'n spesiale verhouding met Hom te hê, 'n verhouding wat die plan van verlossing aan die wêreld sou openbaar.